

Les 23

Johannes 8: 48- 59

1. Inleiding

Vanoggend fokus ons op die laaste gedeelte van Johannes 8. Vandag se gedeelte word omsluit deur die twee Griekse woorde vir "Ek het" en "Ek is". Die jode sê Jesus is 'n Samaritaan wat 'n demoon het. Terwyl Jesus aan die einde sê hy was al voor Abraham gebore was. Verder sien ons ook weer twee voorkomste van Amen, amen waarna Jesus iets spesiaal aan die mense meedeel.

2. 'n Samaritaan

Ons is geneig om uit die gelykenis van die barmhartige Samaritaan 'n positiewe siening oor 'n Samaritaan te hê. Maar as ons werklik daarvoor nadink het hierdie term, eintlik alreeds in die gelykenis 'n negatiewe betekenis. Daar bestaan 'n moontlikheid, dat in die Aramese taal, die term Samaritaan die betekenis van hoof van die demone gedra het. As dit waar is sal dit inpas by die beskuldiging van die joodse leiers dat Jesus se krag van die bese bonatuurlike kom. Dan beteken hierdie benoeming van Jesus dat hulle om nie net sien as 'n dwaalleraar nie, maar ook nie as 'n ware Jood nie.

3. Sal nie sterf nie

Die jode dink natuurlik aan die fisiese dood. Daarom verwys hulle dan ook na Abraham en die profete wat tog gesterf het. Hulle sien duidelik steeds vir Jesus ondergeskik aan Abraham en die profete. Daarom verwag hulle vraag in vers 53 'n definitiewe sterk nee.

4. Abraham jubel

Abraham jubel oor die dag van Jesus se koms. Hierdie stelling is nie net moeilik vir die jode by Christus om te verstaan nie, ook vir ons is dit moeilik. Wat presies bedoel Christus hiermee. Hier is 'n paar moontlikhede:

Jesus verwys na Abraham se woorde aan Isak toe hy hom moes gaan offer in Gen 22:8. Dit is duidelik Messiaanse woorde wat in Christus vervul is. Daarom bedoel Jesus dat toe Abraham se blydschap daardie dag eintlik betrekking het op Jesus wat sou kom.

Die tweede tradisie maak baie van die feit dat Abraham gelag het met die gedagte van 'n seun wat sou gebore word. Dit het gebeur toe die engele die geboorte van Isak aangekondig het. Hierdie lag sou dan 'n bewys wees dat Abraham homself verheug het.

Die ander verduideliking behels dat Abraham reeds in die paradys is, maar ook bewus is van wat hier op aarde gebeur. En dat hy dan letterlik by die dag van Christus se geboorte verheug sou wees. Maar dat Christus terwyl Hy hier op aarde geleef het dan ook toegang gehad het tot hierdie wêreld, om te kan weet wat Abraham doen.

5. Jesus se "Ek is"

Tog sal al die verduidelikings in punt 4 heeltemal die verwerping van Jesus as messias deur die joodse leiers omver gooi. Daarom wat dit makliker om Jesus se woorde as belaglik af te maak. Asof Hy een of ander tydgenoot van Abraham was. Terwyl Jesus nog nie eers 50 was nie, en Abraham meer as 2000 jaar gelede al gesterf het. Dit is belangrik om nie soos party kerkvaders die ouderdom van Jesus te probeer aflei uit hierdie vers nie. 50 is eenvoudig maar net 'n ronde nommer waarna verwys is.

Vers 58 bevat dan ook die tweede voorkoms van Amen, amen in hierdie gedeelte. En dan moet die “Ek is” duidelik letterlik verstaan word. Dit is die aanspraak op ’n alomteenwoordige Godheid. En die feit dat die mense in vers 59, klippe optel om Hom te stenig bevestig dat dit presies ook so verstaan is deur die mense daar teenwoordig. Want dit is die manier waarop Godslastering in daardie tyd gestraf is.

6. Teks met Teks vergelykings

- a) Jesaja 41:4
- b) Jesaja 43:13
- c) Gen 17:17
- d) Gen 22:8
- e) Matteus 12:24

7. Vrae

1. Wat verstaan u onder die term Samaritaan, en hoekom gebruik die nuwe testament dit so dikwels?

2. Wat is die verbintenis tussen geestelike dood en fisiese dood?

3. Hoe kan ons verduidelik dat Abraham gejubel het in vers 56?

4. Wat beteken dit dat Jesus al “Ek is” was voor Abraham se geboorte?

5. Wat doen ons vandag met iemand wat Godslasterlik optree?

8. Bronne

1. Carson, D. A. (1991). [*The Gospel according to John*](#) (p. 358). Leicester, England; Grand Rapids, MI: Inter-Varsity Press; W.B. Eerdmans.
2. Utley, R. J. (1999). [*The Beloved Disciple’s Memoirs and Letters: The Gospel of John, I, II, and III John*](#) (Vol. Volume 4, p. 88). Marshall, Texas: Bible Lessons International.